



Almega

17 – 19 February 2017

Ons het lank uitgesien om by die nuwe oord 'Almega' in die Dinokeng-gebied te gaan kamp en wat 'n aangename verrassing was dit nie. Die seniors het natuurlik weer gedurende die week streep-streep opgedaag vir hul kamp en kuiers. Dit is werklik 'n lowergroen oord met pragtige grasperke en baie bome en almal kon vir hulself 'n koelteboom toe-eien want dit was heerlijk warm. Die Rietvalleiers het in groot getalle opgedaag en daar was 22 gesinne vir die naweek.

Vrydagaand was vetkoek en maalvleis op die spyskaart en daarna is die boekevat en verwelkoming gedoen deur Hans. Saterdagoggend somer vroeg-vroeg het diegene wat wou saamstap die pad gevat en ons het heerlijk deur die veld gestap en die geil veld bewonder na die wonderlike reën wat geval het gedurende Februarie. Sommiges het op die fiets geklim en die wilde diere gaan trotseer (dit is nou Willem de Jongh wat onwetend so tussen die leeus gaan ry het). Hy kon darem om die braaivleisvuur die aand sy storie kom vertel.

Andere het Dinokeng per motor gaan verken en ook die pragtige Mystic Monkey and Feathers Wildlife Park besoek. Dit was 'n belewenis om al die verskillende ape en voëls te sien en hul geluide was iets wat mens weggevoer het na 'n ander wêreld. Daan en Gideon het daar 'n besondere aanvoeling vir die ape getoon deur met hulle te gesels en rug te krap, julle het die uitstappie beslis vir ons 'n hoogtepunt gemaak.



Sondag kerkdiens

Saterdagagaand het ons lekker saamgebraai en gekuier en Sondag met die kerkdiens het ons geluister na 'n preek van Gary Kieswetter. Tydens die afsluiting is verskeie saamtrekplaatjies oorhandig en 'n heerlike naweek is beëindig met koek en tee. Dit was weereens 'n rustige kuiernaweek en ons sien uit na die heerlike kampe wat voorlê.

Hans en Erna Koekemoer



Saterdagagaand saambraai en kuier



**Pieter (regs) oorhandig
Kampkommandante plaatjie aan
Hans en Erna Koekemoer**



**Pieter (links) heet Phillip & Nita
Lloyd as gaste welkom**



**Elmarie (links)
oorhandig aansporings
plaatjie aan Elsabe en
Johann**



**Elmarie (links)
oorhandig aansporings
plaatjie aan Frans &
Stefanie Scholtz**



**Elmarie (links)
oorhandig aansporings
plaatjie aan Linda van
Vuuren**

Boodskap van Almega:

Weer eens het die naweek te gou vebly gegaan hier by Almega KaravaanPark
Baie dankie vir almal wat hier gekuier het, ek is seker almal is hier weg met vol
gelaaide siels batterye
Baie dankie vir die mooi skoon terrein wat agter gelaat was.
Dit was so mooi om te sien hoe die SAWA groep oggend diens hou.
Die wat van oggend uit gaan, veilig ry julle
Sien julle almal weer
Pieter